

## 15 Januarie - ARBEIDERS

**Skrifgedeelte: Matteus 20:1-16 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Matteus 20:16**

**A**s Petrus vir Jesus sê: “Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?” (Matt 19:27), vergelyk Jesus die koninkryk van die hemel met ’n huisheer wat vroeg in die môre uitgaan om arbeiders vir sy wingerd te huur vir ’n penning per dag. Maar omdat die werkers te min was, huur hy om nege-uur, om twaalfuur, om drie-uur en om vyfuur nóg werkers. Toe dit aand word, roep hy almal bymekaar om hulle te betaal.

Toe hulle betaal word, was die arbeiders wat sesuur die oggend begin het, baie ontsteld toe hulle net een penning ontvang soos die ander wat later begin werk het. Maar toe hulle daaroor gaan kla, was die antwoord van die huisheer: “Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir ’n penning nie?” (vs 13).

Die bedoeling van die gelykenis is duidelik. As die arbeiders wat die hele dag in die wingerd – naamlik in God se diens – gewerk het, nie gekla het nie, sou hulle die eerste gebly het (vs 16). Dan sou hulle aan die einde van die dag twee seëninge ontvang het, naamlik die penning wat beeld is van God se genadegawes, en die mooi herinnering van ’n daglange arbeid in diens van God. Maar nou is hulle jaloers, omdat die ander werkers dieselfde loon as hulle ontvang het.

Wat was die gevolg? Hulle ontvang die penning, sonder vreugde, terwyl dié wat later begin het, die penning met groot blydschap ontvang. So sal dié wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is laaste (vs 16).

Ja! Wie te veel oor die loon nadink en te min oor die onuitspreeklike voorreg om in diens van God te staan, word die laaste. Dit is die Wet van die koninkryk van die hemel!

*Sing: Psalm 128:1 (2001)*

*Dr CJ Malan (Emeritus)*